BRENTHURST
THE HOME OF WEALTH

PLAASLIKE MARKTE

- PLAASLIKE MARK SUKKEL EN KRAG DRAMA DUUR VOORT

Eskom het 'n rekord aantal ure beurtkrag in September in werking gestel, wat sakebedrywighede moeilik gemaak het en opnuut frustrasie vir Suid-Afrikaners gelewer het. Die kragprobleme en voortgesette skommelinge op wêreldmarkte het die JSE onder druk geplaas en die Indeks van Alle Aandele het maand-op-maand 5.2% laer gesluit (-13.5% jaar tot datum en -3.8% in die derde kwartaal van 2022).

Alle sektore is geraak maar die Indeks van SA Genoteerde Eiendom het swakste gevaar en 7.7% laer as in Augustus gesluit (-20.0% jaar tot datum). Dit is gevolg deur die Indi-25 (-7.3% maand-op-maand en -18.9% jaar tot datum) en die Fini-15, wat maand-op-maand 7.2% laer gesluit het. Die hulpbronsektor het ook laer gesluit maar effens beter gevaar – die Resi-10 het maand-op-maand slegs 0.1% laer gesluit (-15.1% jaar tot datum). Van die groter aandele op die plaaslike beurs, gemeet aan markkapitalisasie, het goed gevaar en BHP Group het maand-op-maand 4% hoër gesluit, Glencore maand-op-maand 6.6% hoër, Anglo American Platinum (+7.5% maand-op-maand) en Gold Fields (+6.35% maand-op-maand).

Die rand het verder verswak teen 'n sterk dollar en was maand-op-maand 5.3% laer. Vir die jaar tot datum is die plaaslike geldeenheid 13.5% swakker teenoor die dollar. Die rand is egter nie die enigste geldeenheid wat nie die mas teen die dollar opkom nie. Die geldeenhede van verskeie lande is in dieselfde bootjie.

INFLASIE EFFENS LAER

Inflasie het in Augustus net-net gedaal tot 7.6% jaar-op-jaar teenoor 7.8% in Julie. Hoër brandstofpryse het weereens grootliks tot inflasie bygedra. Ná twee agtereenvolgende kwartale van groei het die BBP in die tweede kwartaal met 0.7% gekrimp, maar die syfer is beter as wat algemeen verwag is. Jaar-op-jaar is BBP groei slegs 0.2%.

Die langer en meer gereelde beurtkrag het 'n groot impak op vervaardiging gehad en produksie is nou op vlakke soortgelyk aan Julie, toe beurtkrag vlak 6 bereik het en die ekonomie nog herstel het ná vloede in Kwa-Zulu Natal. Landbou-, handel- en mynboubedrywighede sukkel ook weens die voortslepende kragprobleme. Eskom het beurtkrag vir meer as die helfte van die dae in die tweede kwartaal van die jaar ingestel, wat ekonomiese aktiwiteit onder druk geplaas het.

RENTEKOERS VERDER VERHOOG

Die Monetêre Beleidskomitee van die SA Reserwebank het na afloop van sy vergadering op 22 September die rentekoers met 75 basispunte verhoog en die repo-koers staan nou op 6.25%. Die ekonomiese inkrimping van die BBP in die tweede kwartaal en effens laer inflasie het geen impak op die besluit gehad nie. Hoewel daar verwag word dat inflasie weer sal terugsak, is daar steeds genoeg opwaartse druk op pryse om met die huidige verhogingsiklus voort te gaan, teen die agtergrond van die SARB se vasbeslotenheid om inflasie nie te onderskat nie – wat baie ander sentrale banke wêreldwyd gedoen het. Mynbouproduksie het in Julie vir die sesde agtereenvolgende maand verswak, grootliks weens die impak van beurtkrag.

VOERTUIGVERKOPE STYG

Hoër voertuigpryse en stygende rentekoerse het in September geen impak op die vraag na voertuie gehad nie en totale verkope was 10.8% hoër as in dieselfde maand verlede jaar. Ondanks die voortslepende krag-probleme het die mark vir nuwe voertuie goed vertoon. 'n Totaal van 47 786 nuwe voertuie is in September verkoop en uitvoer het fluks toegeneem tot 41 474 eenhede (+104.6% teenoor die vorige jaar).

INTERNASIONALE MARKTE
- INTERNASIONALE MARKTE SLUIT IN DIE ROOI

Dit was weereens 'n stormagtige maand op wêreldmarkte (MSCI Wêreldindeks maand-op-maand -9.3% en -25.1% jaar tot datum) en daar is groeiende kommer oor 'n moontlike wêreldwye resessie aangesien die vernaamste sentrale banke steeds rentekoerse agressief verhoog in 'n poging om stygende inflasie in verskeie lande onder beheer te bring. Geopolitieke spanning (Rusland se voortgesette oorlog in Oekraïne en toenemende spanning tussen Rusland en Europa), 'n energie-krisis in Europa en Sjina se inperkings om COVID-19 infeksies te beheer, het tot die negatiewe sentiment bygedra.

Amerikaanse markte het vroeg in September betreklik goed gevaar, maar 'n aankondiging oor die Augustus VSA verbruikersprysindeks het sake omgekrap. Die inflasiestyfer wat aangekondig is, was hoër as wat verwag was. Markte het teen die einde van die maand weer opgeflikker maar dit het nie lank gehou nie en markte het laer gesluit.

Die S&P 500 was in September maand-op-maand 9.3% laer (-24.8% jaar tot datum), die mark se swakste vertoning sedert Maart 2020 toe die impak van COVID-19 markte wêreldwyd onder druk geplaas het en is ook die derde agtereenvolgende kwartaalikse daling. Die Dow Jones het maand-op-maand 8.8% laer gesluit (-20.9% jaar tot datum) en die Nasdaq maand-op-maand 10.5% laer (-32.4% jaar tot datum).

Amerikaanse inflasie staan nou op 8.3% jaar tot jaar, hoewel daar verwag was dat 'n syfer van 8.1% vir Augustus bekend gemaak sou word. Behuising, kos en mediese sorg was die grootste drywers van die hoër syfer. Die Amerikaanse Federale Reserweraad (Fed) het vir die derde agtereenvolgende keer die Amerikaanse rentekoers met 0.75 basispunte verhoog en ontleders verwag dat nog verhogings op pad is.

INFLASIE STYG SKERP IN EUROPA

In Duitsland het die DAX maand-op-maand 5.6% laer gesluit (-23.7% jaar tot datum) en in Frankryk het die CAC maand-op-maand 5.9% laer gesluit (-19.4% jaar tot datum). In die Eurosone het inflasie in Augustus 'n nuwe hoogtepunt van 9.1% jaar-op-jaar bereik (8.9% in Julie). Stygende energiepryse (+40.8% jaar-op-jaar) was grootliks vir die styging verantwoordelik. In Duitsland styg inflasie ook fluks en 'n syfer van 10.8% jaar-op-jaar is vir September bekend gemaak, teenoor 7.9% jaar-op-jaar in Augustus. In Frankryk het inflasie in September effens gedaal tot 6.2% jaar-op-jaar in September (6.5% jaar-op-jaar in Augustus). In Nederland het inflasie opgeskiet na 17.1% jaar-op-jaar – die hoogste sedert die Tweed Wêreldoorlog – en baie hoër as die reeds hoë 12% jaar-op-jaar in Augustus. Die BBP van Europa het in die tweede kwartaal met 4.1% jaar-op-jaar gegroei, beter as wat die mark verwag het, en werkloosheid staan steeds op 'n rekord laagtepunt van 6.6%.

In die VK het die FTSE-100 Indeks in September maand-op-maand 5.4% laer gesluit (-6.6% jaar tot datum). Aan die politieke front het Liz Truss by Boris Johnson as eerste minister van die VK oorgeneem. 'n Kontroversiële plan om belasting te verminder is nie goed ontvang nie omdat daar 'n verwagting is dat dit inflasie sal opdruk. VK inflasie het in Augustus effens gedaal tot 9.9% jaar-op-jaar teenoor 10.1% in Julie, grootliks danksy laer brandstofpryse.

Inperkings in verskeie stede in Sjina en voortgesette uitdagings vir die land se eiendomsbedryf het Sjinese markte negatief beïnvloed en die Hang Seng in Hong Kong het maand-op-maand 13.7% laer gesluit (-26.4% jaar tot datum) en die Shanghai Saamgestelde Indeks was maand-op-maand 5.6% laer (-16.9% jaar tot datum). Vervaardiging het effens verbeter en die aankopersindeks van China het in September onverwags op 50.1 afgesluit teenoor 49.4 in Augustus. Kleinhandelverkope het in Augustus met 5.4% jaar-op-jaar gestyg teenoor 2.7% jaar-op-jaar in Julie.

In Japan het die Nikkei maand-op-maand 7.7% laer gesluit (-9.9% jaar tot datum). Die ekonomie van Japan het in die tweede kwartaal met 3.5% gegroei.

Bronne: Anchor Capital, Business Day

KONTAK ENIGE VAN ONS ERVARE, GEKWALIFISEERDE ADVISEURS BY ONS KANTORE LANDWYD

- BRENTHURST IS ERKEN AS EEN VAN DIE TOP WELVAARTBESTUURDERS IN SA 2021 -

Johannesburg	+27 (0) 11 799 8100	**Claremont**	+27 (0) 21 100 3901
Sandton	+27 (0) 10 035 1391	**Bellville**	+27 (0) 21 914 9646
Pretoria	+27 (0) 12 347 8240	**Stellenbosch**	+27 (0) 21 882 8706
Cape Town Waterfront	+27 (0) 21 418 1236	**Val de Vie Estate**	+27 (0) 21 100 3901
		Mauritius	00 230 5843 5215

Brenthurst Wealth Management is 'n gemagtigde finansiële diensteverskaffer (Reg No: 2004/012998/07) FSP No.7833. Hierdie epos en enige dokumente ingesluit is eksklusief bedoel vir die persoon aan wie dit gerig is en kan vertroulike of wetlik beskermde inligting insluit. As jy hierdie epos foutiewelik ontvang het, wis dit uit. As jy nie die persoon is vir wie dit bedoel is nie mag jy dit nie aan ander bekend maak nie, 'n kopie maak of enige stappe neem gegrond op die inligting wat daarin vervat is nie. Enige ongemagtigde gebruik of bekendmaking is verbied en mag onwettig wees. Die menings en insigte wat in hiedie boodskap gedeel is, is nie nood-wendig die mening van die bestuur van Brenthurst Wealth Management nie.